Alive

Breathe · Awake · Thrive

Heinz Winckler het verlede **Sondag 11 Februarie** kom gesels oor die nuwe fliek **'The Roar'** en het 'n boodskap kom lewer oor *wat jou doel in die lewe is…*
Kom deel in die "praise & worship", relevante boodskappe en gesellige saamwees. Elke Sondag om 18:00 in die kerkgebou

KERKKANTOOR BESONDERHEDE:

Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE

ABSA, Durbanville-tak,
Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Offergawes en spesiale bydraes kan ook d.m.v. **SNAPSCAN** gegee word. As u 'n slimfoon het, is dit baie maklik. Laai net die **SNAPSCAN App** af en volg die instruksies.

blitSIG

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 18 FEBRUARIE 2018	VOLGENDE WEEK 25 FEBRUARIE 2018
		Teks: 1 Petrus 3:18 - 22	***Teks: Romeine 4:13-25***
09:00	**Klassieke Diens** (Kerk)	Ds. Jana Dickason	Ds. Rian Verster Nagmaal
09:00	**Familiediens** (Sentrum) **Jeuggroepe** **Voorskool tot Gr. 5**	Ds. André Agenbag	Dr. Tinus van Zyl Nagmaal
18:00	**Aanddiens** (Kerk) **Jeuggroepe Gr. 6 – 11**	Dr. Tinus van Zyl	Ds. André Agenbag Nagmaal

Hierdie week was dit **Aswoensdag**, die begin van die lydenstyd in die Christelike kerk. **Lydenstyd** is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die versoenende sterwe van Jesus verkondig deur sy lyding in herinnering te roep en daarop te reageer in voorbereiding op die Paasfees.

Die simbool van die **kruis** is die sentrale simbool in Lydenstyd. Omdat die kruis ons herinner aan die kruisiging van Jesus, 'n teken van sy lyding en sterwe, is dit dus nie toepaslik om die kruis te versier nie. 'n Doringkrans of spykers as ander simbole kan saam met die kruis gebruik word.

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmate wat siek is of behandeling ontvang:

- Elize Schouten
- Erma Burger
- Maria Verster

BAIE WELKOM BY DURBANVILLE GEMEENTE!

Ons verwelkom graag alle nuwe lidmate en besoekers vanoggend!
Ons hoop dat jy gou tuis sal voel in ons gemeente. Indien jy enige inligting verlang of vrae het oor die gemeente, is jy welkom om ons **"Inligtingstoonbank"** by die gemeentesentrum te besoek.

OFFERGAWES

Vandag se **Spesiale offergawes** gaan aan **Christelike Lektuurfonds (CLF)**

Die Christelike Lektuurfonds voorsien sedert 1957 gratis en bekostigbare lektuur aan mense om die Boodskap van die Bybel aan hul te bring in hul eie taal. Lektuur, in pamfletvorm, dek verskillende temas soos geloofsekerheid, maar spreek ook sosiale kwessies soos dwelm- en alkoholmisbruik aan, asook mishandeling en geweld. Ander temas word omsluit in pamflette oor huweliksverryking, lewenskeuses, depressie, selfmoord, hoe om die dood van 'n geliefde te verwerk en nog vele meer. Hierdie is 'n kragtige evangelisasie instrument vir gemeentes, instansies en individue. CLF beskik ook oor 'n reeks boeke, onder meer materiaal vir geloofsvorming, bedieningsmateriaal en liedboeke. Me Driekie Beukes **|** 021-873-6964 **|** info@clf.co.za **|** www.clf.co.za

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Sonja Punt, Rinette Kuhn, Claudie Potgieter en span,Christo en Nelia van Niekerk, Dalene Eloff en Dawie Kinghorn, Elmarie Swart en Jacques de Klerk.

DURBANVILLE / DURBANVILLE BERGSIG SENIOR KLUB

Ons Februarie vergadering vind plaas op Donderdag 22 Februarie 2018 om 09:30 by Bergsig Gemeente.

Die spreker is Dr. Van Rooyen van Vredelust Gemeente. Sy onderwerp sal wees "Ouer – word met God"

Die R130 per lid vir die uitstappie na Kunste Kaap is vandag betaalbaar.

Die uitstappie na Kunste Kaap –"West side story" vind plaas op **LET WEL: SONDAG 25 MAART 2018**

KOORLEDE BENODIG – VERAL SOPRANE

Die kerkkoor benodig dringend koorlede – veral soprane. Ons oefen op Woensdagaande tussen 18h00 en19h00 op die orrelgallery. Nie nodig vir oudisies – kom meld slegs Woensdagaand aan – ons sal jou met ope arms verwelkom.
Vir nadere besonderhede, kontak Stephan by 0844 500 100 / 021 975 2212 /sack@mweb.co.za

Moenie die **#Imagine 2018** experience mis nie.
Dit vind 6-8 April plaas

Almal is welkom. Dis die perfekte geleentheid vir ouers en tieners om saam te kamp.

Ek nooi ook die gemeente uit om betrokke te raak. Imagine benodig elke jaar jonk en oud hande om hulle by te staan gedurende die naweek.

As jy meer wil weet kontak Ds. Jana Dickason

ALIVE AANDDIENS

Kom deel in die "praise & worship", relevante boodskappe en gesellige saamwees.
Elke Sondag om 18:00 in die kerkgebou

Die Ailve team benodig hande op Sondae aande met die voorbereiding van die koffie en sap voor en na die erediens. As jy by hierdie span wil aansluit kontak, Ds. Jana Dickason by: 0826141728

Vanaand se preek gaan oor: 'Rivalry or reconciliation'

JY KAN ONS HELP!

Die jeugbediening vra jou hulp!
Ons benodig Juggroepleiers by die Volgende grade:

Grad 1: 3 **Graad 2: 3**
Graad 3: 2 **Graad 4: 1**
Graad 5: 1 **Graad 7: 1**
Graad 8: 1 **Graad 9: 2**
Graad 10: 1

Verder benodig ons iemand wat ons wil help om op Vrydae oggende die jeuggroep kratte te pak. Dit behels dat al die Sondagskool materiaal in elke krat geplaas word.
Kontak asseblief vir Ds. Jana Dickason as jy hier betrokke wil raak by: 0826141728 of jana@durbanvillegemeente.co.za

OMGEEDIENS

Die sokkerbediening in Fisantekraal onder die bekwame leiding van John Sochop benodig asb vyf nuwe sokkerballe. John, faktotum by Durbanvillle Laerskool en self 'n inwoner van Fisantekraal is sedert 2004 as vrywilliger betrokke by die sokkerbediening onder hoërskool seuns. Hierdie groep volg 'n maatskaplike program van die Dept Maatskaplike Ontwikkeling en sluit o.a. lewensvaardighede, "sport en Bybel" in. T.s.v die droogte, het hulle toestemming om op die oop ruimte (naby die spoorlyn) te oefen. Dit is meer geskik vir spel.
'n Goeie sokkerbal kos R250 elk. Hulle sal enige bydrae waardeer en spreek hul dankbaarheid uit teenoor die gemeente se ondersteuning.

WÊRELD BIDDAG VIR VROUE BY DURBANVILLE BERGSIG GEMEENTE

2 Maart om 10:00 vm
Tema: Hoe wonderbaar is U Skepping
Spreker: ds. Mizelle Prinsloo

DURBANVILLE KINDERHUIS SÊ DANKIE VIR LIDMATE SE BYDRAES !

'n Donasie van R28,837-61 vir die versorging van hul kinders is ontvang U ondersteuning help ons om voort te gaan in ons missie om 'n beter toekoms vir kwesbare kinders te skep.

Sondag, 4 Maart, 10:15
in die Gemeentesentrum

Waarvandaan kom ons en waarheen is ons op pad?

Hoe lyk ons bedieningsplan?

Hoe raak dit ons personeel, finansies en geboue?

LERING: GOD SE WIL VIR MY LEWE: ONDERSKEI TUSSEN WAARHEID EN VALSHEID

28 Februarie om 11:00 en ook 18:30 by De Oude Caab.
Bespreek voor die tyd by die kerkkantoor.

VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE:

Hartlik geluk aan die volgende persone wat tydens 'n kerkraadsvergadering, gehou op 13 Februarie 2018, verkies is tot die kerkraad van Durbanville Gemeente as Geestelike Leiers (ouderlinge).

Andrew Kok **Atel Streicher**
Attie Theron **Grant Blewett**
Marianne du Toit **Jac Kriek**
Martin Ehlers

Hul name word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir goedkeuring. Bid asseblief vir hulle in die besluit wat hulle moet neem.

DANKBAARHEIDSMAAND

Ingevorder: R1420699. Ons mikpunt is R1600 000-00.